



Vakante pos:	Rektor (uitvoerende hoof)
Departement:	Rektooraat
Sluitingsdatum:	31 Oktober 2022
Aanstellingsdatum:	2023, datum soos ooreengekom
Verwysing:	Rektor/2023

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) is 'n Christelike privaat hoërondewysinstelling. Die kampus is in Montanapark te Pretoria geleë. Aros bied reeds meer as 'n dekade Reformatoriese opleiding in die veld van die Opvoedkunde. Aros is in 2012 geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en is by die Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer. Die instelling beskik oor 'n personeelkorps van ongeveer 110, bied tans opleiding aan ongeveer 2 100 studente en het oor die afgelope agt jaar 1 091 gegradueerdes gelewer.

In die lig van Aros se visie wat as uitnemende Christelike universiteit, gegrond op die Bybel, die samelewing tot eer van God wil vernuwe, nooi ons hoogs gemotiveerde persone wat hierdie visie deel om vir die pos aansoek te doen. Besoek gerus ons webwerf vir meer inligting oor Aros by <http://www.aros.ac.za>

Agtergrond:

Die rektor is die hoof- uitvoerende beamppte van die instelling en is as sodanig verantwoordelik vir die oorhoofse bestuur van die instelling. Hierby is akademiese sowel as administratiewe sake ingesluit. As *ex officio*- uitvoerende direkteur van die instelling se Raad (Direksie) gee hy uitvoering aan die strategiese rigting, organisasie en administrasie van die instelling volgens die doel, grondslag, visie en missie van die instelling en besluite wat die Raad na aanleiding daarvan neem. Die rektor vervul 'n besondere rol ten opsigte van die vestiging van netwerke buite die instelling en die algemene bevordering van Reformatoriese onderwys.

Die aanstelling is vir 'n vierjaartermyn, wat deur die Raad hernu kan word.
Die vergoedingspakket is onderhandelbaar.

Kwalifikasie:

- 'n Doktorsgraad
- 'n Bestuurskwalifikasie, bv. 'n HBA of MBA, sal voordelig wees.

Voorvereistes:

Die geskikte kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

- die doelstelling en grondslag van die instelling onderskryf en dit by diensaanvaarding onderteken;
- 'n aktiewe lidmaat wees van 'n kerk wat die Drie Formuliere van Eenheid en/of die Westminster-belydenis as belydenis aanvaar, dit handhaaf en aktief uitleef;
- goeie insig en kundigheid op die gebied van gereformeerde onderwys toon;
- geroepe voel om Christelike wetenskapsbeoefening en navorsing te bevorder;
- oor bewese, dinamiese leierskap en goeie bestuursvaardigheid beskik;
- entoesiasies wees en oor die nodige gawes beskik om aan Aros se personeel en studente leiding te verskaf;
- ondernemingsgees asook strategiese, kreatiewe en innoverende denke openbaar;
- oorhoofs toesig kan hou oor die bestuur van finansiële hulpbronne;
- waarde heg aan moedertaalonderrig en die bevordering van Afrikaans as hoërorde-wetenskapstaal;
- rekenaargeletterd in Microsoft Office en Outlook; en
- taalvaardighede: Afrikaanse en Engels.

Ondersteunende vereistes:

Die volgende vereistes dien as sterk oorwegings by die hantering van die aansoek, maar word nie as voorvereistes gestel nie:

- ondervinding van en/of bewese betrokkenheid by gereformeerde onderwys;
- akademiese kwalifikasies of ondervinding wat toepaslik is vir die opleiding van onderwysers en/of algemene tersiêre opleiding en/of tersiêre studies (navorsing); en
- bestuurskwalifikasies (soos 'n HBA en MBA) of bestuursondervinding wat vir 'n privaat onderwysinstelling toepaslik is.

Aansoekprosedure:

Voornemende kandidate moet per e-pos aansoek doen. Die volgende moet die aansoek vergesel:

- die aansoekvorm (Die aansoekvorm is beskikbaar by www.aros.ac.za/WebItem?listId=41. Die vorm kan elektronies ingevul word.)
- die aansoeker se CV
- bewyse van kwalifikasies
- 'n getuigskrif van die leraar of kerkrad van die gemeente waarvan die aansoeker 'n lid is. Hierdie getuigskrif moet getuienis gee oor die aansoeker se leer en lewe, waaronder kerklike betrokkenheid en verbintenis tot die Gereformeerde belydenis.

Die aansoek en ook die ondersteunende dokumentasie, waar dit enigsins moontlik sou wees, moet in **Afrikaans** wees, aangesien dit die voertaal van Aros is en ook die taal waarin die posbekteër sy/haar werk by Aros sal verrig.

Die aansoek en ondersteunende dokumentasie moet voor of op **31 Oktober 2022** in **PDF-formaat** gestuur word aan: renate.murray@aros.ac.za

Kontak prof Paul Krüger by paul.kruger@aros.ac.za vir verdere inligting.

Indien u nie voor **15 Desember 2022** enige terugvoer van Aros ontvang nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. Aros behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos, soos geadverteer, te maak nie.